# DIE PASTORALE GESPREK BINNE 'n NARRATIEWE DIAKONALE PASTORAAT

PR van Heerden[1]
DJ Kotzé[2]

## SUMMARY

The person and the problem often becomes so intertwined that people's lives and relationships are constituted by their problems. This article focuses on this issue from a narrative approach. The purpose is to externalise the problem and in this way to separate the person from the problem. The process of pastoral therapy explores this disempowering effect of the problem as a dominant story shaping a person's life. This is followed by an exploration of alternative stories that may be indicative of a more preferred life. Criticism that may arise from a Biblical perspective is attended to. Ways in which such an approach can draw on the new life through Christ and the grace of God in people's lives, even those who do not believe in Him, are integrated into this approach.

## OPSOMMING

Persoon en probleem word dikwels in so 'n mate een dat mense se lewens en verhoudinge deur hulle probleme gekonstitueer word. Hierdie artikel fokus op hierdie saak vanuit 'n narratiewe benadering. Die doel is om die probleem te eksternaliseer en op hierdie wyse die probleem van die persoon te skei. Die terapeutiese proses is gerig op die eksplorering van hierdie ontmagtigende effek van die probleem as dominante storie wat 'n persoon se lewe vorm gee. Dit word gevolg deur die eksplorering van alternatiewe stories wat 'n aanduiding mag wees van 'n meer verkose leefwyse. Kritiek wat vanuit 'n Bybelse perspektief hierop na vore mag kom, word bespreek. Wyses waarop so 'n benadering bou op die nuwe lewe in Christus en die genade van God in mense se lewens, selfs dié van die ongelowige, word geïntegreer in hierdie benadering.

1 Dr PR van Heerden, predikant, Ned Geref Kerk Edenville. Die artikel is 'n verwerking van 'n gedeelte van sy Ph.D. (Pastorale Terapie) proefskrif: *Heilsrealisering in 'n narratiewe diakonale pastoraat*, Universiteit Vrystaat, 1996.

2 Prof DJ Kotzé was tot 31 Maart 1996 mede-professor aan die Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat. Hy is tans direkteur van die Instituut vir Terapeutiese Ontwikkeling en beklee 'n buitengewone professoraat in die departement Sosiologie aan die Vaaldriehoek kampus van die PU vir CHO. Hy was die promotor vir die Ph.D.-proefskrif van die eerste outeur. (Adres: Posbus 12412, Hatfield, Pretoria 0028.)

## 1. PROBLEEM, PERSOON EN EKSTERNALISERING

Persone daag dikwels by die pastor op met 'n probleemdeurdrenkte lewensverhaal (vgl White 1989:5). In 'n sekere sin het so 'n persoon as 't ware deel van die probleem geword. Die probleem het ook weer deel van die persoon geword. Persoon en probleem word een en die persoon se identiteit word tot so 'n mate dié van die probleem dat hy[3] sy menswees verloor. Een van die doelwitte van 'n narratiewe diakonale pastoraat bestaan daarin dat 'n persoon "bevry" moet word om 'n mens te wees soos God dit bedoel het.

Persoon en probleem moet dus onderskei word. Identiteit tussen persoon en probleem moet verander tot 'n afstand tussen persoon en probleem ten einde die mag van die probleem oor die lewe van die persoon te verbreek. Deur die proses van *afstandskepping* breek 'n nuwe era in die lewe van 'n persoon op die volgende wyse aan: die persoon word "los" van sy probleem gemaak (Epston & White, Murray 1992:113) omdat die probleem uit sy emosionele konteks gehaal word en in 'n ander konteks geplaas word; daar word 'n afstand tussen die persoon en die probleem geskep, wat vir hom geleentheid bied om dit "objektief" op 'n afstand te betrag en daaroor te reflekteer (vgl Doherty 1991:38). Dit gee die lidmaat 'n meta-perspektief op sy probleem wat 'n groot impetus vir gedragverandering is (vgl Lasersohn & Van Zyl 1989:178).

Afstandskepping kan op 'n veelheid maniere in die pastorale gesprek bereik word. Die lidmaat kan gevra word om hom te verbeel dat hy "objektief" op 'n afstand na sy probleem kyk. Paradoksale intensie skep ook afstand tussen die persoon en die simptoom. Die persoon kan gevra word om juis dit wat hy vrees, te doen. 'n Probleem word geobjektiveer wanneer die gelowige dit in die modus van 'n klag aan die Here verwoord (Louw 1993:416). Afstandskepping vind verder plaas wanneer die lidmaat 'n skets van sy probleemsituasie maak (Epston 1992:156). Die probleem word ook geobjektiveer wanneer dit 'n naam gegee word. Afstandskepping vind ook plaas wanneer 'n probleem anders benoem word as wat algemeen die gebruik is (De Shazer 1991:67). Metafore is hulpmiddels om

3 Die manlike vorm word deurgans ter wille van praktiese en nie uit seksistiese oorwegings gebruik. Beide outeurs is manlik.

afstand te skep. Die lidmaat kan gevra word om te sê met watter beeld hy sy probleemsituasie kan beskryf.

White (1989:137) bereik hierdie doelwit met die taalgebeure wat hy, *eksternalisering* noem. Hy (:5) beskryf eksternalisering as die proses waar persone aangemoedig word om probleme te objektiveer of te personifieer. Eksternalisering vind plaas wanneer daar twee vraagtipes aan die lidmaat gevra word, naamlik: "Wat doen die saak aan jou?" (Watter invloed het dit op jou?) en "Watter invloed het jy op die saak?"

Deur hierdie proses van eksternalisering van die probleem kom daar in taal 'n skeiding tussen die probleem en die identiteit van die persoon (O'Hanlon 1994:24), waardeur die probleem 'n aparte identiteit verkry. In O'Hanlon (1994: 23) se taal is die persoon nie meer die probleem nie, maar word die probleem die probleem. Hierdie is die eerste fase van die eksternaliseringsproses.

Aandag word eers aan hierdie fase van die eksternaliseringsproses gegee. Dit gaan in verband met Bybelse gedagtes oor geestelike magte gebring word. Daarna word die tweede fase daarvan bespreek.

## 2. DAAR VIND 'N LINGUÏSTIESE SKEIDING TUSSEN DIE PROBLEEM EN DIE PERSOON PLAAS

In hierdie "fase" van die taalproses is die vraag: "Watter invloed het hierdie probleem op u self, op ander en op u verhoudingslewe?" aan die orde (White 1989:37). Nou word daar gekyk na die invloed van die probleem in die verskillende verbande van die persoon se lewe. Tydens hierdie fase van die eksternaliseringsproses word 'n proses begin waardeur 'n persoon bewus kan word van die onderdrukkkende invloed van die probleem in sy lewe. Eksternalisering help die persoon om 'n nuwe beskrywing van sy probleem te kry (vgl White 1989:37). Dit het 'n bevrydende effek op die mens, omdat hy dan nie meer bloot 'n slagoffer van die probleem is nie, maar verantwoordelik gestel kan word om aktief aan verandering te werk.

In O'Hanlon (1994:25 & 26) se woorde word hierdie deel van die eksternaliseringsproses soos volg gestruktureer. Eerstens word daar saam met die persoon na 'n aanvaarbare naam vir die probleem gesoek. Tweedens word die probleem gepersonifieer en word sy bose bedoelinge

teenoor die lidmaat "blootgelê". Derdens word daar gekyk watter ontwrigtende effek dit op die persoon se lewe het.

*2.1 'n Refleksie tussen die teologie, die postmodernisme en die lewenspraktyk*

Die "Third Wave"-terapeute het by postmodernistiese skrywers aangesluit deur te sê dat 'n mens nooit buite die sfeer van 'n magsdiskoers kan kom nie. Dit is vir Foucault duidelik dat 'n mens se lewe deur mag gekonstitueer word (White 1991:137), terwyl Parker (1989:63) argumenteer dat mag 'n rol speel in die manier waarop die menslike self gekonstrueer word. Wanneer 'n persoon 'n probleem in sy lewe ervaar, oefen die probleem 'n mag oor sy lewe uit omdat sy lewe daardeur bepaal word. In die Bybel word verhaal hoe "magte" 'n verslawende effek op 'n mens se lewe kan hê.

Eksternalisering is die metodiese proses waardeur daar op linguïstiese vlak 'n skeiding tussen die probleem en die identeit van die persoon gemaak word (O'Hanlon 1994:21). In Tomm se woorde: "(it) provides a purposeful sequence of questions that consistently produce a freeing effect for people" (O'Hanlon 1994:25). In die volgende paragrawe gaan gekyk word na watter magte daar volgens die Bybel in die wêreld werksaam is, en hoe die mens daarvan verlos kan word.

*2.2 Magte bring 'n toestand van slaafse onvryheid*

Die mens is 'n verhoudingswese (Heyns 1974:79 - 127) wat in verskillende relasies lewe. Die verhoudinge waarbinne hy lewe is in vaste vorme gestruktureer (König 1983:95). Op makrovlak is daar politieke, ekonomiese en arbeidstrukture. Ouer-kindverhoudinge is weer 'n voorbeeld van die mikrostruktuur waarbinne die mens lewe. Hierdie strukture gee orde, sekuriteit en geborgenheid aan sy lewe. So 'n netwerk bied die moontlikheid om die mens tot groter kreatiwiteit en vryheid te motiveer. Die uitoefening van mag maak deel uit van die relasionele netwerk waarbinne 'n mens se lewe ingebed is (Schmidt 1992:71) omdat dit die netwerke in werking stel.

Kolossense 1:16 beskrywe hierdie strukture as geestelike magte wat deel van die geskape werklikheid is. Hierdie magte is deur God daargestel om orde in die kosmos te verseker. Hierdie magte kan persoonlik of onpersoonlik van aard wees (Cobble 1988:20). Dit het verder 'n geestelike

kwaliteit, omdat dit die mens se diepste wese ingrypend beïnvloed (Cobble 1988:3).

Romeine 6 verhaal dat die sondeval die kragveld van die dood in die wêreld gebring het. Hierdie kragveld het 'n negatiewe uitwerking gehad op die geestelike magte wat deur God daargestel is. Dit het veroorsaak dat dit groter afmetings aangeneem het as wat God daarvoor bedoel het. Mag- en gesagsmisbruik het daaruit gevolg. Hierdie magte kan op verskillende maniere beheer oor die mens se lewe kry:

- Dit kan die dominante faktore word in die denkstrome wat 'n bepaalde kultuurgemeenskap beheer. Dit penetreer die mens se daaglikse lewe, omdat dit die morele raamwerk van die kultuurstroom word waarin sy lewe ingebed is. Daardeur kan dit die karakter van die eerste beginsel van die wêreld aanneem, waarvan Paulus in Galasiërs 4:39 praat (vgl Lategan 1986:82). Hierdie eerste beginsels van die wêreld kan beskryf word as menslike tradisies en voorskrifte wat nie in lyn met God se heilswil vir die mens is nie (Cobble 1988:23).

Die materialistiese gees van die Westerse kultuurgemeenskap het in 'n groot mate demoniese trekke begin aanneem. Binne hierdie kultuurgemeenskap word die fokus op menslike aktiwiteite geplaas (Cobble 1988:5). Die mens se hoop, drome en lewenspraktyk word in terme van ekonomiese sukses geïnterpreteer. Dit veroorsaak dat die menslike wese in aktiwiteit opgaan waar sy "doen-funksie" ten koste van sy "wees-funksie" beklemtoon word. Dit veroorsaak dat sy waarde as mens in terme van besit en aktiwiteit gemeet word. Tradisie is 'n ander manier waarop hierdie geestelike magte 'n invloed op die gelowige se lewe kry (Cobble 1988:20).

- Dit is ook moontlik dat daar op makrovlak 'n staatsbestel daargestel word waar een groep ten koste van 'n ander bevoordeel word (König 1983:97). Binne so 'n situasie sal een groep mense verryk word, terwyl die ander benadeel word. Die benadeelde mense kan ervaar dat die politieke struktuur 'n konteks skep wat hulle keusevryheid heeltemal beperk. Dit kan hulle noop om die politieke struktuur waarin hulle lewe ingebed is, as demonies te beskryf. Dit het ten opsigte van apartheid gebeur.
- Op mikrovlak kan hierdie geestelike realiteite demoniese kenmerke op gesinsvlak aanneem. Byvoorbeeld, in 'n huisgesin waar die hiërar-

giese en patriargale tradisie heers en pa se woord wet is, gehoorsaam die gesinslede onvoorwaardelik uit vrees vir die gewelduitbarstings van die man. Hierdie tendens kan 'n dreigement van geweld in die gesinstruktuur inbou wat die gesinslede se lewens beheer. Dit neem soms selfs die karakter van 'n "afgod" aan, wat die kinders laat dink dat hulle totale gehoorsaamheid aan hierdie vader verskuldig is. Selfs die vader is in so 'n situasie vasgevang in die mag van hierdie tradisie en patroon. In so 'n situasie verkeer mense in 'n toestand van slaafse onvryheid waarin hulle hulleself as slagoffers van omstandighede beskou.

- Dit kan ook gebeur dat 'n persoon binne sy werk voortdurend gekritiseer word met "jy is...." Woorde is nie leeg nie; dit skep werklikhede. Woorde kry beheer oor 'n mens se lewe as hy gesag daaraan toeken. In sulke gevalle tree 'n selfvervullingsprofesie in werking waar 'n mens alles wat oor sy pad kom aan die negatiewe woorde wat aan hom toegesê is, verbind. Wat sleg of negatief is word raakgesien terwyl wat goed is, misgekyk word. In die proses word dinge met mekaar in verband gebring wat nie bymekaar hoort nie. Selfs die positiewe word sodoende negatief interpreteer. Dit het tot gevolg dat 'n persoon vir homself 'n drogwêreld skep. As 'n mens voortdurend hoor dat hy 'n dwaas is, word 'n werklikheid in sy lewe geskep wat 'n negatiewe uitwerking op sy hele menswees sal hê (Nürnberger 1975:560).
- Op godsdienstige gebied beklee God dikwels die status van 'n noodlotsmag (vgl Durand 1982:210). Sy wil word dikwels beskou as die stille, onbekende en abstrakte mag wat die menslike bestaan te bowe gaan en alles wat oor sy lewenspad kom, bepaal en beheer (vgl Weber 1981:513). Dit gebeur in die geloofspraktyk wanneer alles wat met die mens gebeur, geredelik aan God se wil toegeskryf word. Weber (1981:510) beskou die noodlotsmag as deel van die eerste beginsels van die wêreld wat 'n bindende en vernietigende invloed op die mens se lewe het.

Uit bostaande voorbeelde kom die volgende kenmerke van geestelike magte na vore:

- Magte is geestelik van aard wat as historiese en sosiale entiteite vorm aanneem en ook in psigiese strukture kan inkarneer (vgl Barth 1979:174; Nürnberger 1975:253).
- Hierdie magte assimileer die mag en die status wat 'n mens daaraan toeken. Dit begin mag op die mens uitoefen as 'n mens glo dat hy daaraan onderhewig is (vgl Nürnberger 1975:256). Dan vertoon dit die karakter van die wet, omdat dit aan die mens "voorskryf" hoe hy sy bestaansreg in die wêreld kan verseker (Nürnberger 1975:258).
- Die invloed wat hierdie magte op die mens uitoefen, is dikwels in stryd met God se wil. Dit plaas 'n toestand van slaafse onvryheid op die mens waar hy voel dat hy 'n slagoffer van sy omstandighede is (vgl Nürnberger 1975:256). Dit ondermyn ook die invloed van die evangelie op die mens se lewe en verhoed die mens om werklik mens te wees (Louw 1993:44).
- Die mens se sondige gedrag kry in die Bybel 'n dieper dimensie. Weens die sondeval heers daar 'n reuse konstellasie van negatiewe magte (geestelik, sosiaal, psigies) in die wêreld. Hierdie magte oefen 'n destruktiewe dwingelandy oor die mens uit (vgl Nürnberger 1975:253).
- Die Bybel bied egter geen demoniese verklaring van sonde nie (Durand, 1978:92). Dit beteken dat daar nie 'n lotskarakter aan sonde gekoppel word waar die skulddimensie op die agtergrond staan nie (Durand 1978:93). Die verband tussen die doen van sonde en magte se invloed op die mens se lewe, lê in die versoeking wat dit op die mens lê om te sondig (vgl Durand 1978:92). Wanneer die mens hieraan toegee, het die mens nie 'n verklaring waarom hy gesondig het nie, omdat hy gekies het om aan die magte toe te gee (vgl Durand 1978:93).

### *2.3 Die magte in verlossingsperspektief*

Daar is 'n transendente aspek aan die mens se toestand van verslawing verbonde (vgl Dickson 1994:259) omdat die gelowige weet dat God nie buite sy verslawing staan nie, maar by hom in sy situasie teenwoordig is. Deur sy heilswerk het Christus die harmonie wat in die skepping versteur is, herstel. Hy het ook die magte in die kosmos ontdemoniseer en onder

sy beheer geplaas, sodat hulle weer die funksie kan vervul waarvoor dit bestem is. Hierdie magte hoef die mens daarom nie meer van God te vervreem nie. Voortaan kan die mens met 'n positiewe ingesteldheid daarna kyk.

Die gelowige hoef nie na tegnieke te soek om beheer oor hierdie magte in sy lewe te kry nie (vgl Arnold 1989:166). Deur die geloof kry die mens toegang tot God se heerskappy .oor die magte waaraan hy voorheen verslaaf was en word hy uit die magsgebied van die sonde gehaal en in die kragveld van die Heilige Gees geplaas (Ef. 2:1vv; Kol. 1:13). Daarom hoef die gelowige nie meer 'n slaaf van hierdie magte te wees nie.

In Efesiërs maak Paulus gebruik van 'n gerealiseerde eskatologie wanneer hy sê dat die gelowige saam met Christus aan die regterhand van God sit. Hy wil dit ook op die gelowige se hart druk dat hy deur sy geloof in Christus in 'n noue verband met God se krag gebring is (Arnold 1989:122).

Alhoewel die gelowige nie teen die beïnvloeding van hierdie magte gevrywaar is nie, maak sy verbondenheid aan Christus dit vir hom moontlik om verantwoordelikheid vir sy lewe te aanvaar deur nie na die stemme van die magte in sy lewe te luister nie. God se bemagtingsprogram aan die bevryde mens is eties van aard (Dickson 1994:259). Aan die negatiewe kant beteken dit dat hy hom nie meer op terreine moet begeef waar die magte voorheen beheer oor sy lewe uitgeoefen het nie en dat die ou mens in sy lewe afgelê moet word (Arnold 1989:166). Soms is dit nodig dat die gelowige sy skuld en sonde voor God en ander bely oor die maniere waarop hy meegewerk het in die negatiewe optrede van andere (vgl Kotzé 1991:251). Aan die positiewe kant beteken dit dat hy oop moet wees vir God se moontlikhede in sy lewe. Hierdie moontlikhede kan in sy lewe realiseer indien hy op God se stem in sy lewe sal reageer en nie aan die grondbeginsels van die wêreld gehoorsaam is nie. Hier is die doen van geregtigheid 'n sleutelwoord. Geregtigheid vra dat die mens reg sal doen in die verhoudinge waarbinne hy lewe. Dit moet God se liefdeswil aan ander moontlik maak, sodat mense wat daarbinne lewe dit op 'n besondere manier in hulle lewens kan ervaar (vgl König 1983:111). Die vraag wat altyd gevra moet word, is of die mens se optrede iets van God se reg,

geregtigheid, vrede en versoening in 'n bepaalde verhouding realiseer (vgl Dickson 1994:261).

Hierdie imperatiewe is nie wettiese voorskrifte wat die gelowige uit eie krag navolg nie. Dit is imperatiewe wat op 'n evangeliese indikatief gegrond is. In die boek Efesiërs maak Paulus dit duidelik dat God nie alleen die mens van die geestelike magte bevry nie. Deur sy mag stel hy die mens ook in staat om lief te hê (Arnold 1989:102) omdat God se krag 'n krag is om lief te hê.

Samevattende gedagtes oor die manier waarop God die mens van die invloed van die geestelike magte bevry:

- Net soos sonde die mens se totale eksistensie betrek, het God se verlossing vir sy hele menswees iets te sê. Geestelike verlossing en emosionele bevryding staan nie los van mekaar nie. Deur die eksternaliseringsproses word die mens bewus van die slaafse, emosionele gebondenheid wat hierdie magte op sy lewe het en begin die bevrydinsgproses.
- Die mens se geloof in Christus plaas hom in 'n noue verbondenheid met God se krag om nie meer na die stemme van hierdie magte te luister nie, maar eerder God se wil deur liefdesbeoefening te doen.

## 3. EKSTERNALISERING BRING ALTERNATIEWE STORIES NA VORE

### *3.1 Die ontginning van alternatiewe stories*

Wanneer 'n persoon ervaar dat hy 'n probleem het, oefen die probleem mag oor sy lewe uit (Tomm 1989:viii) omdat sy hele lewe daardeur georganiseer word (White & Epston 1992:4). Dit word die dominante storie wat die persoon se lewe en verhoudinge konstitueer. 'n Persoon se lewe bestaan egter uit 'n veelheid van stories oor homself, ander persone en die verhoudinge waarbinne hy lewe (Tomm 1989:X). Die dominante storie wat sy belewenis oor 'n saak uitdruk is nooit 'n volledige weergawe daarvan nie omdat enkele verhale nooit die volle rykdom van sy lewe kan vasvat nie (White & Epston 1989:11). Hieruit is dit duidelik dat die dominante storie wat 'n mens se lewe konstitueer vol gapings is (White & Epston 1989:13). Dit kan selfs gebeur dat daar verhale in sy lewe is wat die dominante storie van sy lewe weerspreek (White &Epston 1989:14).

White (1989:39) beveel aan dat hierdie gapings op die volgende maniere gevul word:

- Daar moet eers na alternatiewe stories gesoek word. Alternatiewe stories is daardie aksies en intensies wat die probleemdeurdrenkte lewe van die lidmaat weerspreek (White 1989:41). White (1989:41) beskryf dit as "tydlose wonderwerke" wat gewoonlik nie opgemerk word nie. "Alternatiewe stories" help 'n persoon om sy verhouding met die probleem te herdefinieer. White (1989:16) onderskei tussen historiese alternatiewe stories wat sigbaar word wanneer die persoon se invloed op die probleem in historiese perspektief beskou word en teenswoordige alternatiewe stories wat in die loop van die terapieproses na vore kom (White 1989:16).
- Unieke verhale kom tot stand wanneer die alternatiewe stories binne die konteks van 'n patroon van gebeurlikhede geplaas word (White 1989:44). Unieke verhale word geskep wanneer daar redes vir 'n persoon se alternatiewe optrede of stories gesoek word. Daar word byvoorbeeld gevra: "Hoe het jy dit reggekry om dit te doen?", of "Wat het jou daartoe in staat gestel om dit reg te kry?"
- Unieke gewaarwordinge word ontwerp wanneer daar betekenis aan die "alternatiewe stories" gegee word. Unieke gewaarwordingsvrae nooi die lidmaat uit om betekenis aan unieke verhale en alternatiewe stories te gee deur die verhale, homself, ander mense en hulle verhoudings te herdefinieer. Met hierdie vrae word 'n persoon uitgenooi (White 1989:43) om van uitsonderinge in homself en in sy verhoudings bewus te word. Tipes vrae wat hier gebruik kan word is: "Wat getuig hierdie resultate oor jou?", of " Wat vertel dit wat jy gedoen het van hoe God oor jou dink?"
- Wanneer daar oor die toekomstige verloop van die unieke gewaarwordinge gespekuleer word, kom unieke moontlikhede tot stand vir die herskrywe van 'n persoon se lewensverhaal (White 1989:39).

Hierdie vier "bronne" bied vrugbare materiaal waarmee daar saam met 'n persoon 'n alternatiewe storie vir sy lewe geskep kan word (White & Epston 1989:15) en die dominante storie se invloed op die persoon te neutraliseer. Genoemde bronne moet ook as bewyse dien dat die persoon in staat is om sy probleem suksesvol te hanteer. Die uniekheid van hierdie

bronne bestaan daarin dat dit alreeds in die persoon se lewe teenwoordig is en nie van buite op die persoon afgedruk word nie (White 1989:39).

Dit is verder vir White belangrik dat daar 'n gehoor geskep word om die persoon met die nuwe identiteit en lewenstorie te ontvang en die nuwe stappe wat hy onderneem het, te ondersteun (O'Hanlon 1994:26). Alhoewel White nie pastoraal-teologies te werk gaan of sy narratiewe benadering daarin begrond nie, is dit 'n benadering wat sinvol vanuit 'n pastoraal-teologiese perspektief begrond en gekonstitueer kan word.

### *3.2 Alternatiewe stories teologies gekonstrueer*

In White se taalgebeure om nuwe stories te ontdek, word die mens genooi om sy verdraaide geskiedenis te herlees en om nuwe verwysingspunte vir sy lewe te soek. Hierdie verwysingspunte is geleenthede waartydens hy sy huidige probleem alreeds suksesvol hanteer het. Daar sou teologies gesproke beswaar teen hierdie benadering geopper kan word, daarin dat dit die mens en sy vermoë sentraal plaas in die terapieproses. 'n Humanistiese reuk skemer deur: die klem val op die omvang van suksesse wat die mens in die verlede behaal het. In die Bybel gaan dit nie bloot om dit wat werk (pragmatisme) nie, maar oor God se wil vir die mens se lewe (Hauerwas & Willimon 1989:85). Die vraag is hoe 'n narratiewe benadering in verband met 'n persoon se verhouding tot God op 'n sinvolle en nie bloot kunsmatige wyse geplaas kan word? Hierdie werkswyse kan die mens se nuwe identiteit in sy eie bevrydingsgeskiedenis bou, terwyl dit teologies gesproke in sy verbondenheid aan Christus gewortel kan wees.

Met die besware wat ingebring word, moet die baba nie saam met die badwater weggegooi word nie. Bybelsgesproke werk God by wyse van 'n proses[4] in die mens se lewe. Die kenmerk van hierdie proses is dat dit

4 Die woordjie "proses" impliseer 'n evolusionêre ontwikkeling. Daar vind 'n ontwikkeling tussen die mens en die skepping se begin- en eindpunte plaas. God het hierdie entiteite aanvanklik geskep met die oog op die koninkryk van heerlikheid (Durand 1982:99) wat mens en die skepping sonder Christus moes bereik. Die mens se sondeskuld het dit egter onmoontlik gemaak dat hy en die skepping dit sonder Christus kan bereik. In hierdie verband word dit nie as 'n outomatiese proses beskou wat suiwer immanent van aard is nie. Indien dit die geval sou wees, sou die mens sy bestemming op die basis van sy eie skeppende vermoëns bereik. Binne God se vernuwende werk is dit God wat in sy vryheid, ten spyte van die mens se sondige

'n oop proses is wat in die rigting van God se koninkryk beweeg en waarvan sy resultate in die hede soms verborge en ambivalent is (Bradshaw 1993:152). Die rigting waarin 'n persoon se optrede gerig word, is van groot belang. Daaruit moet dit duidelik word dat 'n lidmaat bereid is om van 'n selfgesentreerde lewenswyse bevry te word tot 'n lewe van diens aan God en sy medemens. God se heil realiseer in die lewe van die mens wanneer hy van sy eie begeertes en aspirasies prysgee om aan God se wil gehoorsaam te wees (vlg. Malan 1989:8; Mark. 10:45, 12:29-31). Momente van suksesvolle probleemoplossing wat in hierdie rigting georiënteer is, is nie alleen tekens van God se vernuwende werk in die lewe van die gelowige nie, maar ook visuele beelde wat heenwys na sy heil wat in die lewe van die mens gerealiseer het (vgl Bradshaw 1993:167). God se Verhaal met sy skepping en met die mens word die Verhaal wat konstituerend inwerk op die verhaal van ons as mense en wat ook daardie rol speel binne pastorale terapie. Die inweef van hierdie Verhaal binne die terapie proses en die verbandlegging met hierdie Verhaal word dan 'n sentrale terapeutiese aktiwiteit (vgl Capps 1984; Gerkin 1984, 1986; Veltkamp 1988).

Uit bostaande redenasie behoort dit duidelik te wees dat die rigting waarin 'n mens se lewe beweeg, 'n aanduiding is van die "soort" mens wat hy op daardie staduim is en met wie hy op daardie staduim in sy lewe identifiseer. Die volgende vrae kan hierdie perspektiewe duideliker na vore bring: "Hoe dink jy: Wat dink God oor jou lewe?", "Waaroor is God bekommerd?", "Waaroor is hy bly oor wat in jou lewe plaasvind?", "Wat sê die rigting waarin jy beweeg oor jou as mens?" en "Wat sê die rigting waarin jou lewe beweeg oor wie in beheer van jou lewe is?"

White se werk is iets wat tot voordeel van die evangelie gedekonstrueer kan word. In plaas daarvan om die mens se verdraaide geskiedenis te herlees, kan die spoor van God se vernuwingsproses in die persoon se lewe gevolg word. Dit wat reeds eskatologies gerealiseer het in sy lewe. Daar kan dan na geleenthede gesoek word waar die persoon binne hierdie proses in staat was om bepaalde situasies te hanteer. Hier gaan dit nie om die bevestiging van die mens as sondige mens nie, maar om die herkenning

neiging, die nuwe mens deur sy Gees na sy vernuwingsdoel begelei (vgl Gunton 1989:153).

van die nuwe mens wat deur die Gees van God in staat was om lewensprobleme te hanteer. Hierdie punte wat die grense van die menslike potensiaal transendeer, kan die nuwe verwysingspunte word waarvolgens die mens se lewe georiënteer word. 'n Nuwe era sal in die lewe van 'n persoon aanbreek wanneer hy homself sien as iemand wat deur die Heilige Gees bekwaam gemaak is om probleme te hanteer.

Die vraag kan ook gevra word: En wat van ongelowiges? Hoe moet "alternatiewe stories" vir hierdie groep mense wat nie in Christus glo nie, gedekonstrueer word deur 'n pastor vir wie dit 'n konstituerende saak is?

Die Gereformeerde Teologie se klem op die algenoegsaamheid van God, het die menswaardigheid van die mens soms in die slag laat bly (Louw 1995:17). Dit het veroorsaak dat daar meer op die mens se skuld as op God se genade gefokus is (Peters 1994:586). Hierdie toedrag van sake het veroorsaak dat skrywers soos Freud die Christendom as 'n godsdiens van selfvernieting beskryf het. In die verlede is daar ook baie klem op die boosheid van die mens gelê, waardeur die diskontinuïteit tussen die Christelike godsdiens en ander godsdienste benadruk is. Daar is selfs gemeen dat 'n positiewe waardering vir 'n ander godsdiens die relativering van die evangelie sou beteken (vgl Meiring 1968:456).

In Romeine 1 maak Paulus dit duidelik dat God Hom aan niemand onbetuig gelaat het nie en dat elke mens eksistensieel in sy nou aangespreek word. Dit het tot gevolg dat elke mens 'n deur-God-gekonfronteerde-mens (Oosthuizen 1977:36) is wat van 'n transendentale realiteit bewus is.[5] Paulus maak dit ook duidelik dat daar baie mense is wat God se bekendmaking verdring. In die ongelowige se poging om God te ontvlug, skep hy vir homself eie gode om die vakuum wat God se openbaring in sy lewe gelaat het, te ontkom.

Paulus sê in 2 Timoteus 2:4 dat God se goedheid en trou in sy verhouding met die mens op die voorgrond moet staan. Dit kom veral in sy geduld wat Hy betoon aan die mens wat Hom in sy dwaalweë ignoreer, na vore. Die inisiatief wat God neem om die sondaarmens te besoek, staan dus sterk voorop. Dit impliseer dat die Heilige Gees alreeds met 'n

5 Hierdie universele openbaring is nie 'n selfstandige daad naas God se besondere openbaring nie (Jonker 1981:269), maar die vrug van Christus se versoeningswerk.

ongelowige besig was voordat hy by die pastor uitgekom het. Hieruit is dit duidelik dat die ongelowige mens nooit buite die bedding van God se voortdurende betrokkenheid by die wêreld staan nie (vgl Oosthuizen 1977:360). Soms gebeur dit selfs dat die krag van God se selfmanifestasie die mens se weerstand oorwin (Oosthuizen 1977:364), wat maak dat sy openbaring 'n invloed op die mens se lewe kry. Die mens "sien" dan die grense raak waarbinne God wil hê hy moet lewe om van die vernietigende gevolge van die voortwoekerende kwaad te ontkom (Heyns 1978:152) ten einde volledig mens te wees.

Uit bostaande beredenering is dit duidelik dat daar spore van dieselfde God, wat Hom in die Bybel openbaar, in die ongelowige se lewe ontdek kan word (Oosthuizen 1977:358). Dit benadruk ook die feit dat sy prestasies nooit as eie, magtige skeppings, los van God, beskou mag word nie. Alternatiewe stories moet nie gesien word as bronne waaroor die mens in homself beskik nie, maar as spore van God se universele heil in die lewe van die mens. Hierdie heil is in die opstanding van Christus gegrond en is niks anders as 'n stuk Christelike genade nie (Jonker 1981:269).

God se betrokkenheid by die lewe van die ongelowige maak dit moontlik dat daar momente in sy lewensgeskiedenis kan wees wat in lyn met God se vernuwende werk is. Daarom kan daar in 'n sekere sin by die beste van 'n ongelowige aangesluit word. In die Nuwe Testament sluit Paulus dikwels aan by die "goeie" lewensreëls van die samelewing wat die toets van etiese norme geslaag het. Weber (1983:224) noem dit "ontwortelde waardes" — vrugte sonder 'n boom, wat met God se seënende betrokkenheid met die wêreld in verband staan. Hierdie "goeie dinge" kan beskou word as tekens van die koninkryk van God wat deur God se genade ook in die lewe van mense buite die geloof deurbreek.

Jana se pa het haar as kind seksueel gemolesteer. Dit het tot gevolg gehad dat sy niks met hom te doen wou hê nie. Gedurende die terapeutiese gesprekke het sy haar ouers gereeld begin besoek. Na een van haar besoeke het sy vertel dat sy 'n gesindheid van berou by haar pa bemerk het: hy kon net nie genoeg vir haar doen nie. Sy het vir haarself gesê dat sy nie

meer gaan terugdink aan dit wat in die verlede gebeur het nie, maar gaan probeer om saam met hom die toekoms te geniet.

Toe die pastor vir haar sê dat dit presies is wat vergifnis is, was sy opgewonde. "As dit is wat vergifnis is, wil ek dit graag beoefen," het sy gesê. Op die vraag hoe sy dit reggekry het om haar pa te vergewe, kon sy geen ander antwoord gee as dat dit God was wat haar daartoe in staat gestel het nie. "Wat sê hierdie handeling van jou as mens Jana?" Jana het met 'n sug van verligting in haarself ervaar dat sy in staat was om haar pa te vergewe. Dit het haar goed laat voel en haar weer respek vir haarself laat kry.

Op die vraag wat haar optrede teenoor haar pa vir haar oor die toekoms te sê het, was sy opgewonde. Sy het skaam, glimlaggend gesê dat die Here vir haar ook in die toekoms sal help om moeilike sake te hanteer.

## 4. SAMEVATTING

Die narratiewe benadering tot 'n diakonale pastoraat wat in hierdie artikel bespreek is, is daarop gerig om die mag wat probleme oor mense se lewens ontwikkel, te help verbreek. Afstandskepping tussen persoon en probleem word 'n fokuspunt in die terapeutiese proses waardeur iemand deur God bevry word om nie meer 'n slagoffer van sy omstandighede te wees nie. Die ontginning van alternatiewe stories wat 'n positiewe konstituerende betekenis vir mense se lewens kan inhou, word 'n belangrike doelwit in die terapieproses. Hierdie terapeutiese werkswyse skep ruimte vir die inweef van God se alternatiewe Verhaal van genade in die probleemverhaal van mense met geloofs- en lewensprobleme. Mense word sodoende nie net bevry van die mag en effekte van probleme en omstandighede nie, maar ook bevry tot 'n geleentheid om verantwoordelikheid te aanvaar om iets aan sy bestaansnood te doen.

## BIBLIOGRAFIE

ARNOLD CE

1989. *Ephesians: power and magic.* Cambridge: Cambridge University Press.

BARTH M

1979. *Ephesians 1-3.* New York: Doubleday & Company.

BRADSHAW B

1993. *Bridging the gap.* Monrovia: Marc.

CAPPS D

1984. *Pastoral care and hermeneutics.* Philadelphia: Fortress.

COBBLE JF

1988. *The Church and the Powers.* Peabody: Hendrickson.

DE SHAZER S

1991. *Putting differences to work.* New York: Norton.

DICKSON CR

1994. Empowerment: A theological perspective. *Skrif en Kerk.* 15 (2):259-262.

DOHERTY WJ

1991. Family therapy goes postmodern. *Family Therapy Networker.* 15 (5):37-42.

DURAND JJF

1978. *Die sonde.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

1982. *Skepping, mens, voorsienigheid.* Pretoria: NG Kerk boekhandel.

GERKIN CV

1984. *The living human document.* Nashville: Abingdon Press.

GERKIN CV

1986. *Widening the horizons.* Philadelphia: Westminister.

GUNTON CE

1989. *The actuality of atonement.* Grand Rapids: Eerdmans.

HAUERWAS S & WILLIMON WH

1989. *Resident aliens.* Nashville: Abingdon.

HEYNS JA

1974. *Die mens*. Bloemfontein: Sacum.

1978. *Dogmatiek*. Pretoria: NGKerk boekhandel.

JONKER WD

1981. *Die Gees van Christus*. Pretoria: NG Boekhandel.

1982. Antropologie en soteriologie. *Skrif en Kerk*. 3 (2):29-41.

KÖNIG A

1983. *Heil en heilsweg*. Pretoria: NG Kerk boekhandel.

KOTZÉ, DJ

1991. Van geslag tot geslag: Die geneagram en die ontwikkeling van 'n narratiewe pastoraat. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 32: 644-651.

LASERSOHN B AND VAN ZYL J

1989. Coming out from behind the screen: the reflecting teams. In Mason, J & Rubenstein J. *Family Therapy in South Africa Today*. Congella: SAIMFT.

LATEGAN BC

1986. *Die brief aan die Galasiërs*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

LOUW DJ

1993. *Pastoraat as ontmoeting*. Pretoria: RGN.

1995a. Ons taak in 'n postmodernistiese tyd: Straat toe met die evangelie. *Die Kerkbode*. 17 Nov. 1995:17.

1995b. 'n Analise van huidige tendense in die kerklike lewe en die vraag of dit verband hou met gereformeerd wees. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif*. XXXVI (1):14-23.

MALAN FS

1989. Salvation in the New Testament emphases of the different writers. *Theologia Viatorum*. Dec. (17):1-19.

MEIRING PGJ

1968. *Max Warren as sendingwetenskaplike*. Ongepubliseerde DD- proefskrif. Pretoria: U P.

NÜRNBERGER K

1975. *Sistematiese teologie*. Genadendal: Moraviese Boekdepot.

OATES WE
1959. *An introduction to Pastoral Counseling*. Nashville: Broadman Press.

O'HANLON WH
1994. The third wave. *Family Therapy Networker*. 18:19-29.

OOSTHUIZEN GC
1977. *Godsdienste van die wêreld*. Pretoria: NG Kerk boekhandel.

PARKER I
1989. Discourse and power. In Shotter, J & Gergen, KJ (eds). *Texts of Identity*. London: Sage.

PETERS T
1994. *Sin*. Michigan: Eerdmans.

SCHMIDT WS
1992. Power as Theological Problem. *Journal of Pastoral Care*. 46 (1):71-77.

TOMM K
1989. Preface. In White, M & Epson, D. *Narrative means to therapeutic ends*. Adelaide: Dulwich.

VELTKAMP HJ
1988. *Pastoraat als gelijkenis*. Kampen: Kok.

WEBER O
1981. *Foundations of dogmatics*. Vol 1. Grand Rapids: Eerdmans.
1983. *Foundations of dogmatics*. Vol 2. Grand Rapids: Eerdmans.

WHITE M
1989(a). The process of questioning: A therapy of literary merit? In White, M. *Selected Papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.
1989(b). The externalizing of the problem and the re-authoring of lives and relationships, In White, M. *Selected Papers*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.

WHITE M & EPSTON D
1989. *Narrative means to therapeutic ends*. Adelaide: Dulwich Centre Publications.